

# KOERSVAS


Jaargang 2      Uitgawe 47      29 Augustus 2014

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrogkies

Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

Die mediakomitee het, soos u reeds op die Bondsvergadering gehoor het, 'n klompie take ontvang wat afgehandel moet word. Reeds in die vorige termyn is aandag gegee aan die oprigting en instandhouding van die steedsHervormers webwerf en ook Bakkiesblad interaktiewe blad. Op hierdie blaaie kon ons reeds inligting en terugvoer van lidmate wat dieselfde bekommernisse deel publiseer. Hier is ook heelwat terugvoer ontvang en kon inligting, leed en vreugdes met mekaar gedeel word. Ons kon ook artikels en ander items wat nie by die NHKA gepubliseer word nie onomwonne hier plaas en ons kant stel. Onder leiding van Yvette Otto het die Lewensbrood ook reeds 2 jaargange beleef.

In 'n nuwe termyn het ook nuwe opdragte gekom.

In die samewerking tussen die selfstandige gemeentes wat ons leer ken het as die Geloofsbond van Hervormde gemeentes is die volgende komitees verkie: a. Die Liturgiese komitee, Finansiële komitee, Kuratorium, Kategese/ Gesinsorg, Vryburger fonds, Barmhartigheid en dan

natuurlik ook die Mediakomitee. Die Mediakomitee val op sy beurt weer uiteen in die volgende subkomitees, elkeen uniek en reeds hard aan die werk: Die webblad komitee, Lewensbrood, Koersvas en Skietlood.

Take waaraan reeds in die vorige verslagjaar aandag geniet het en vir afhandeling in die jaar moet aandag kry is:

- 1) Die uitwerk en beskikbaarstelling van 'n handleiding vir die vergaderingsprotokol van die hou van 'n aanlyn vergadering.
- 2) Die webblad [www.geloefsbond.co.za](http://www.geloefsbond.co.za) sal as die amptelike blad van die Geloofsbond uitgebou en verbeter word.
- 3) Die daarstel van 'n sentrale vonkpos adreslys en op versoek aan enige Bondsgemeente gegee sal word. (*lidmate is welkom om hulle vonkposadresse in die adreslys te laat opneem*)
- 4) Die standaard briefhoof sal beskikbaar gestel word op die media van die Bond vir gemeentes wat die briefhoof sou wou gebruik. Die briefhoof is egter nie afdwingbaar nie.
- 5) Die media komitee het ten doel om kommunikasie tussen gemeentes te verbeter.

- 6) Die Lewensbrood moet weer verskyn met die beginsel dat predikante van die Geloofsbond die skrywers sal wees van die dagstukkies.
- 7) Voorbeeld van 'n moontlike sertifikaat vir Doop en Geloofsbeladenisse sal op die blad beskikbaar gestel word.
- 8) Die gemeentes aangemoedig word om elkeen ook 'n webblad te ontwikkel en dat die blad by die Webblad van die bond geregistreer kan word vir skakeling.
- 9) Gemeentes word aangemoedig om hule eredienste op te neem en digitaal op die webblad te laai. (*'n Handleiding in die verband is reeds in wording en sal eersdaags beskikbaar wees. Intussen kan Jaco de Ridder [media@geloofsbond.co.za](mailto:media@geloofsbond.co.za) u hierin behulpsaam wees*)
- 10) die sosiale media blaaie vir die Geloofsbond word uitgebou en bekendgestel aan die Bondsgemeentes.
- 11) skakels na die Bybelgedeelte van die dagstukkies wat vanuit die Lewensbrood aanlyn gepubliseer word, word ondersoek sal ook binnekort aktief wees.
- 12) Tweeweeklik sal die Koersvas en ook die Skietlood uitgestuur word aan alle belangstellendes.
- 13) die Koers, Leer en Lewenskwessies sal ook eersdaags op die webblad verskyn en word tans ook deur die redakteur, Prof HG van der Westhuizen uitgegee.

Soos u kan sien wag daar vir die res van die termyn van die komitee 'n aansienlike lading werk waaraan reeds aandag gegee word en word daar op 'n gereeld basis reeds aanlyn vergaderings gehou waar lidmate en ampsdraers vanuit Pietersburg, Cullinan, Stella, Pretoria, Potchefstroom en ander dorpe en stede van ons land elektronies vergader teen 'n fraksie van die

koste van vervoer en tyd wat aan 'n soortgelyke vergadering spandeer sou word indien daar elke slag gery sou moes word 'n sentrale punt om te vergader. Verskeie programmatuur word ondersoek en beoordeel vir geskiktheid en koste.

Daar word reeds hard gewerk aan die Lewensbrood vir 2015/16 en die eerste dagstukkies lê reeds op die tafel van die redakteur en sal bestellingsvorms hiervoor u ook binnekort bereik.

'n Versoek word tog aan alle Bondsgemeentes gerig om enige en alle kontakbesonderhede van u gemeente en sy funksionarisse aan [media@geloofsbond.co.za](mailto:media@geloofsbond.co.za) of [a.nieuwhof@geloofsbond](mailto:a.nieuwhof@geloofsbond) te stuur sodat die webblad en Lewensbrood 2015 opgedateerde kontakbesonderhede kan plaas.

Indien u of iemand waarvan u weet behulpsaam kan wees met die webblad en webbladontwikkeling versoek ons u om u hulp ook aan te bied deur van die [media@geloofsbond.co.za](mailto:media@geloofsbond.co.za) webblad gebruik te maak.

'n span nederige Christene is ook dag en nag besig om die sosiale media dop te hou en soms is dit steeds nodig om artikels wat ongewens is te verwijder (*gelukkig baie, baie selde*) en ook om kommentaar en plasings te maak wanneer nodig. Hierdie diens wat gelewer word is vir die komitee van onskatbare waarde en maak dat u met gerustheid ook hier kan deelneem.

Stuur asb enige voorstelle en enige opbouende kommentaar gerus aan myself

by [a.nieuwhof@geloofsbond.co.za](mailto:a.nieuwhof@geloofsbond.co.za) of aan [media@geloofsbond.co.za](mailto:media@geloofsbond.co.za) en ons sal daarvan werk maak.

### Drukwerk

Paul en Ella help graag met:  
Gemeentekalenders R 7.55

Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

### Belangrike skakels om te gebruik:

#### Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Webblad (Audio-preke van Bonds predikante weekliks hier beskikbaar.)

<http://www.geloofsbond.co.za/>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/geloofsbond>

#### SteedsHervormers

Webblad

<http://www.steedshervormers.co.za>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/pages/Steedshervormers/118368828245168>

Vir enige verdere hulp gebruik:

[media@geloofsbond.co.za](mailto:media@geloofsbond.co.za)

### **“MET BAL EN AL”**

Ondersteun ook die gemeente Krugersdorp met hulle Rugby ontbyt op Saterdag 18 Oktober 2014. Dit word gehou by die Pro Practicum lapa in Luiperdstraat in Krugersdorp.

### **IMMERGROEN OUERSKAP**

Die bedrywige gemeente Krugersdorp het ook n toerustingsgeleentheid op 20 September 2014 wat saam met Solidariteit aangebied word met die tema: “Dissipline met deernis”

**“MET BAL EN AL”**



**Rugby ontbyt**



Saam met rugby legende en bekendes soos:

- Toy Dannhauser
- En nog meer ( Die teenwoordigheid van ander rugby bekendes moet net nog bevestig word, dan gee ons dit deur )

**Datum:** Saterdag 18 Okt 2014  
**Tyd:** 9 vm tot laat  
**Plek:** Pro Practicum lapa, Luipaard str 273 Boltonia, Krugersdorp.  
 Koördinate: 26°06'10.1"S 27°44'49.5"E  
**Prys:** R 150 per persoon wat volledige Boere-ontbyt insluit

*Bring u eie koelhouer met vloeibare verversings en geniet die ontbyt saam met rugby legendes en bekendes.*

*Die namiddag word die halffeindstryde van die Curriebeker op die Grootkerm aangebied.*

*Groot rugby aandenkings en wegbrek naweke / midweek op veiling en ook te wen.*

*Dissipline met deernis 12 Bousteene van Gesag*

**Aanbieder:** Marie van Niekerk

**Plek:** Amajuba str 26, Noordheuwel Krugersdorp ( Griekse Kerk saal)

**Datum:** 20 Sept. 2014  
**Tyd:** 10 vm  
**Prys:** R 100 per persoon

Helpende Hand van Solidariteit is 'n beweging wat daarna streef om blanke Afrikaner mense in nood by te staan en te versorg.veral kinders en ook leiding gee aan ouers. In samewerking met Immergroen ouerskap en Helpende Hand, wil ons die geleentheid bied om u as ouers toe te rus. Kom deel in die verrynlike ervaring.

Ons wil ook graag 20 ouers wat dit nie kan bekostig nie, borg om die geleentheid by te woon. Borge met betrekking hierop sal waarder word.

Vir Navras kontak: Carmen 071 849 5603 of Vanessa 083 564 2122

**Immergroen Ouerskap**

Die ontbyt word gesubsidyiseer deur die Krugersdorp Parafia en die Krugersdorp Parafia Solidariteit Fundasie.

Koffie en tee en verversings word bedien. Daar sal ook komplementêre prysie uitgegee word.

Stuur u gemeente se  
**kennisgewings en nuusbrogkies**  
na [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net) vir  
opname in die volgende Koersvas.

Vir verpakkingsmateriaal, spyse-  
nierings-benodigdhede en skoon-  
maakmiddels vir funksies van  
kerke en skole, skakel  
**MW PACKAGING**  
**by 018 381 1494.**